natuur maar reageer goed onder spesiale aandag (ongeveer 3,5 meter in 5 jaar).

Die bome groei in die droër dele van die bosveld en kom meestal voor op laagliggende brakkerige gronde. Hulle is droogtebestand maar effens rypgevoellig in die jong stadium.

Die bas op ou stamme is grys/swart met afwaartse splete wat grof vertoon. Dorings is reguit, kom in pare voor en vertoon meestal groot en grof. Die blare is saamgesteld van n meduim grootte (ongeveer 3x5 cm) met ietwat growwe sekondêre blaartjies.

Brakdorings kan met die nodige aandag goeie bonsai-materiaal wees. Die blare en dorings verklein redelik goed onder behandeling. Boompies reageer nie goed op snoei nie deurdat takkies geneig is om nie weer maklik uit te loop nie. Die boompie is egter gehard teen droogte, sterf nie maklik nie en die stam vertoon mooi.

ANDER ACACIA-SOORTE EN HULLE PROBLEME

1. A erioloba E. Mey (Kameeldoring)

Groei baie stadig, het 'n mooi stam maar verdik moeilik. Boompies verkies 'n sanderige kalk grond. Takkies sterf maklik terug.

A. robusta Burch subsp. robusta (Enkeldoring)

Groei robuust, het 'n mooi stam maar die terugsterwing van takkies kan 'n probleem wees.

A. karroo Hayne (Soetdoring)

Heelwat mooi bonsais is al van soetdoringbome gemaak. Die probleem blyk egter dat hulle 'n kort leeftyd het en maklik sterf.

A. mellifera (Vahl.) Benth.subsp. Datinens (Burch) Bre. Swaarthaak)

Die boompies het klein haakdorings, die blaar vertoon fyner as die van knoppiesdoringbome en die internode afstand is klein. Kritiek teen die boom is dat dit baie stadig groei en die stam dus nie sommer verdik nie. Dit is ryp en droogtebestand en kom op n wye reeks gronde, van sandgrond tot kleigrond voor maar hou van 'n bietjie kalk in die grond.

ACACIA SPESIES NIE GESKIK VIR BONSAI

Sommige Acacia-soorte is nie geskik vir bonsai. Van die belangrikste redes is :

a) boompies groei te sterk en grof met lang internode afstand.

b) reageer sleg op snoei - takkies sterf terug en maak nie sytakkies nie en loop soms van nuuts af ver van die snoeipunt uit.

c) het nie 'n lang leeftyd nie en sterf maklik terug om die volgende seisoen van nuuts af by die basis of hoofstam uit te loop.

d) groei stadig en stam verdik moeilik.

Die volgende soorte is al getoets en het een of meer van genoemde eienskappe openbaar: